

**Dinsdag 27 Oktober**

**Skrifgedeelte: Maleagi 2:13-16**

**Fokusgedeelte: Maleagi 2:15**

### **Leef in eenheid met jou huweliksmaat**

**D**ie volk kla dat God nie hulle gebede verhoor nie (2:13). Hy neem nie hulle offers aan nie. Hoekom nie? Daar is iets wat skeiding bring tussen julle en God, sê die profeet. Julle huwelike!

Dit gaan nie net oor *egskeiding* in hierdie gedeelte nie, maar ook oor die voorspel tot egskeiding. Die manier waarop die mans hulle vroue behandel ... sy metgesel is nie meer 'n metgesel nie. Die huwelik is tog 'n verbond van kameraadskap. Die eenheid wat daar tussen man en vrou moes wees, is verbreek deur die manier waarop die mans nie vir hulle (eie) vroue lief was nie (vgl. Ef. 5:25). Dit lyk inderdaad of dit vir die mans in hierdie tyd mode geword het om buitelandse vroue te vat, met die gevolg dat hulle eers hulle eie vroue verwaarloos en dan van hulle skei.

Huweliksontrou is egter tekenend van 'n dieper onbegrip, 'n onbegrip van God se visie op die huwelik: 'n verbondsverhouding wat 'n afskaduwing is van die verbond wat God met sy volk het. Iemand wat sy verbond met sy vrou "van sy jeug" verbreek, is tekenend van iemand wat sy verbond met God verbreek.

In vers 15 word gesê dat die Here huweliksmaats één maak na liggaam en gees. Die huwelik is inderdaad nie net 'n "liggaamlike" (aardse of selfs seksuele) saak nie, maar 'n geestelike saak. Daar is 'n geestelike eenwording in die huwelik (vgl. 1 Kor. 6:16). Ons sê ook in die huweliksformulier dat God man en vrou asof met sy eie hand na mekaar toe lei! Geen wonder dan dat die Here sê dat Hy egskeiding haat nie: die mens verbreek dit wat Hy één gemaak het! Dit is geweldpleging! En nog meer: dit bring ook 'n nageslag voort wat verdeelde trou teenoor Hom het (vs 15).

Dit is hartseer dat daar statisties nie 'n verskil is tussen die egskeidingsyfers van Christene en nie-Christene nie! Prediker 4:12 sê: 'n driedubbele tou breek nie maklik nie. Christus is noodsaaklik in die huwelik. Die volk het die Messias dringend nodig gehad!

*Sing: Psalm 128-1:3, 4*

*Dr. AJ Krüger (Braam) (Benoni)*